Tekste: Gesang 159: 1: Filippense 2: 9-11, 1983; Matteus 5: 4, 2022; Matteus 5:14, 1983.
Fokus teks: Efesiërs 3: 14-21, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-5; Gesang 334: 1-3; Gesang 355: 1-2; Gesang 336: 1, 4 en 5: Gesang 344: 1-3.

---

## AANKONDIGINGS:

- Gelukkige Verjaarsdag aan: Dalene Mitton, op Maandag 22 Desember & Ewert Kotze, Maandag 29 Desember & Francois van Eeden, op Dinsdag 30 Desember & Hentie Delport, op Woensdag 31 Desember & Kayla Botha, op Dinsdag 6 Januarie & Gert Blignaut, Woensdag 7 Januarie. Vir hierdie spesiale dag wens ons julle alles van die beste toe.
- Wil net dele van die program uitwys:
  (i) Donderdag 25 Desember (Kersdag) preek dr Hannes Janse van Rensburg om 8:00.
  (ii) Sondag 28 Desember (Gesamentlike erediens Ring van Zuurfontein) preek dr Annelie Botha @ Kempten Gemeente.
  (iii) Sondag 4 Januarie (Gesamentlike erediens Ring van Zuurfontein) preek dr Annelie Botha @ Kempten Gemeente.
  (iv) Sondag 11 Januarie preek dr Hannes Janse van Rensburg.

- Moenie jou Kersgeskenk aan Zuurfontein Gemeente vergeet nie. Zuurfontein Gemeente is familie, daarom is die gemeente ook op ons kerslysie.

## LIEF & LEED:

- Dréan Pretorius jr. het geval en sy arm gebreek. Hy is geopereer en reeds by die huis.
- Oom Paul Duvenhage het ‘n heupvervanging gekry.

## KLOK:

Wie Hom roem, wie Hom noem Heer en Hemelvader, kom nou almal nader!

## TOETREDE:

Vanuit die Lutherse tradisie het ons geleer om vier kerse in die vier weke voor Kersfees aan te steek:

1. Die eerste kers van Advent (30 November 2025), ’n simbool van hoop.
2. Die tweede kers van Advent (7 Desember 2025), ’n simbool van die vrede.

3. Die derde kers van Advent (14 Desember 2025), die kers van vreugde.
4. Die vierde kers van Advent (21 Desember 2025), 'n simbool van God se liefde.
5. Dan die vyfde kers, op Kersdag 25 Desember 2025, ‘n Christus kers as simbool van God se lig wat in Jesus vir ons die donkerte van die lewe kom ophelder.

VONKK 475: 1-5 ~ Kom steek die Kersfees kerse aan. Ons bly net so sit. Soos wat vers 2, 3 en 4 gesing word, word die kerse een vir een aangesteek.

VONKK 475: 1-5 ~ Kom steek die Kersfees kerse aan.

{Ons gaan nou staan vir die votum, die seëngroet en ‘n Kerslied ~ Gesang 334: 1-3 ~ “God is liefde!” juig ons harte, en bedink wat liefde doen.}

Tekste: Gesang 159: 1: Filippense 2: 9-11, 1983; Matteus 5: 4, 2022; Matteus 5:14, 1983.
Fokus teks: Efesiërs 3: 14-21, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-5; Gesang 334: 1-3; Gesang 355: 1-2; Gesang 336: 1, 4 en 5: Gesang 344: 1-3.

## VOTUM:

Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en aan Hom die Naam geskenk wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elke knie sal buig ... en elke tong sal bely, “Jesus Christus is die Here!” tot eer van God die Vader (Filippense 2: 9-11, 1983).

## SEËN:

Gelukkig en bevoorreg is mense wat baie hartseer is, want God sal hulle moed gee (Matteus 5: 4, 2022).

## KERSLIED:

Gesang 355: 1-2 ~ Die Heiland is gebore

## Wet van God: Julle is die lig vir die wêreld ~ Matteus 5:14:

> 14*Julle is die lig vir die wêreld. ‘n Stad wat op ‘n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ...*

Ons lewe tans in van die onsekerste tye van ons bestaan. Tydens onsekere tye kan ons gewoonlik nie wag om dit

verby te kry nie, kan ons nie wag vir die lig om weer deur die donker onsekerheid te breek nie.

Jesus leer ons dat ons nie die lig van die moet word nie. Hy sê ons is dit lig van die wêreld. Daar is nie ‘n keuse om die lig te word nie, ons is reeds in Christus die lig – daar is wel die keuse of ons die lig gaan wegsteek en of ons dit gaan laat skyn.

Hoe? ‘n lewe van gebed, eenvoud, gemeenskap, liefde en vergifnis. Mag ons die lig vir God wees. Lig skyn die helderste juis hoe donkerder dit is.

> *14Julle is die lig vir die wêreld. ‘n Stad wat op ‘n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ...*

## GEBED: Geloofsbelydenis

## PREEK:

Daar is oomblikke in ’n mens se lewe wanneer woorde nie meer genoeg is nie. Wanneer raad te maklik klink,

verduidelikings te vlak voel en oplossings buite bereik lê. In sulke tye bly daar dikwels net één ding oor: om op jou knie te gaan en te bid / Ons word ook aangemoedig om op ons knie te gaan en vir ons kinders, kleinkinders, familie, vriende, kollegas, vir almal te bid. Nie omdat ons nie meer iets anders kan doen nie, maar juis omdat ons erken dat ons nie alles in ons eie krag kan dra nie. Om vir mekaar te bid, is ’n daad van diep geloof – en ook van nederigheid.

In Efesiërs 3:14–21 gee Paulus as’t ware vir ons ‘n blik op sy hart (sy menswees / sy gelowigwees). Hy skryf nie net oor gebed nie; hy bid. Hy kniel voor die Vader, sê hy, en dra die gemeente op aan God. Dit is opvallend: Paulus bid nie eerstens dat hulle omstandighede sal verander nie. Hy bid nie dat vervolging sal ophou of dat alles makliker sal raak nie. Hy bid dat hulle innerlik versterk sal word, dat Christus deur die geloof in hulle harte sal woon, en dat hulle gewortel en gegrond sal wees in liefde.

---

Waarom bid ons vir mekaar? Omdat ons besef dat geloof nie ’n solo-reis is nie. Die Christelike lewe is nooit bedoel om alleen geleef te word nie. Wanneer ons vir mekaar bid, dra ons mekaar se laste, selfs dié wat nie in woorde uitgespreek kan word nie. Ons bid omdat ons glo dat God meer sien as wat ons kan raaksien, en dieper werk as wat ons kan verstaan.

Om vir mekaar te bid, is om mekaar in God se hande toe te vertrou. Dit is om te sê: jy is nie alleen nie; jou lewe, jou stryd en jou hoop word voor die Vader gebring. En soos Paulus ons herinner, is dit juis hierdie gebed wat ons oopmaak vir “die volheid van God” – ’n volheid wat geen mens self kan bewerk nie, maar wat genadiglik geskenk word.

Lees nou Paulus se gebed saam met my:
14 Daarom kniel ek in gebed voor die Vader 15 aan wie die
hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die
aarde sy bestaan te danke het. 16 Ek bid dat Hy deur sy
Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag

sal gee om innerlik sterk te word, 17dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. 18Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. 19Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

20Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, 21aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.

Paulus se gebed in Efesiërs 3 neem ons vandag op ’n geloofsreis wat pas by die betekenis van Kersfees. Dit is ’n gebed wat begin by ’n houding, beweeg na ’n teenwoordigheid, groei in liefde, verbreed in gemeenskap en eindig in innerlike krag. Dit is nie net ’n mooi gebed vir destyds nie, maar ’n gebed vir vandag. ‘n Gebed wat ons vir mekaar kan bid.

Tekste: Gesang 159: 1: Filippense 2: 9-11, 1983; Matteus 5: 4, 2022; Matteus 5:14, 1983.
Fokus teks: Efesiërs 3: 14-21, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-5; Gesang 334: 1-3; Gesang 355: 1-2; Gesang 336: 1, 4 en 5: Gesang 344: 1-3.

---

**Ek buig my knieë voor die Vader.**

Paulus begin by oorgawe. Om te kniel, is ’n erkenning: God is God. Ek sien in my geestesoog hoe veral ouer mense langs hulle bed kniel om te bid voor hulle gaan slaap. Dit was oupa en ouma se manier om respek teenoor God te betoon.

In ’n wêreld – en dikwels ook in ’n Kersfees-seisoen – vol geraas, prestasie en blink liggies, is kniel ’n daad van geloof. Dit herinner ons dat alles by God begin. Kersfees self begin immers so: nie met mag of vertoon nie, maar met ’n buiging van die hemel na die aarde. God buig Homself in Christus diep af na die mens. Paulus buig sy knieë voor hierdie Vader, die Een “van wie elke geslag in die hemel en op die aarde sy naam ontvang”. Wanneer ons vir mekaar bid, begin dit hier: nie by ons oplossings nie, maar by God se vaderskap en sorg. Begin dit by respek vir God!

**Dat Christus deur die geloof in ons harte sal woon.**

Hier raak die gebed persoonlik. Paulus bid nie net dat Christus oor hulle sal heers of deur hulle erken sal word nie, maar dat Hy in hulle harte sal woon. Dit is Kersfees in sy diepste betekenis: Immanuel – God met ons, en selfs meer, God in ons. Christus is nie 'n gas wat af en toe besoek in ons harte wil kom aflê nie; néé, Hy wil vir altyd in ons harte kom woon. Deur geloof maak ons die deur oop van ons binneste. In 'n tyd waar Kersfees maklik afgewater kan word tot nostalgiese herinneringe, gewoontes of sentimente van mense, herinner Paulus ons: die ware fees / geskenk is dat Christus werklik plek kry in ons harte, in ons vreugdes én ons vrese.

**Gewortel en gegrond in die liefde.**

Hier gebruik Paulus twee beelde: een uit die natuur en een uit die boukuns. 'n Boom sonder wortels val om; 'n huis sonder fondament stort in. Liefde is nie 'n bysaak van die geloof nie – dit is die grond en die wortel van geloof. En hierdie liefde is nie ons eie liefde eerste nie, maar God se liefde wat in Christus sigbaar geword het. Kersfees is die openbaring van daardie liefde: God wat so liefhet dat

Hy Homself vir my en jou gee het. Wanneer ons vir mekaar bid, bid ons dat ons nie net oor liefde sal praat nie, maar dat ons daarin sal leef.

**Om saam met al die gelowiges te verstaan.**

Geloof is nooit ’n eenmansaak nie. Paulus bid dat ons sáám met al die gelowiges sal verstaan hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus is. Let op: niemand verstaan dit alleen nie. Ons het mekaar nodig – oor generasies, kulture en alle mensgemaakte grense heen. Veral met Kersfees, word ons herinner dat ons deel is van ’n groter liggaam. Wanneer ons vir mekaar bid, word ons oë oop vir die werklikheid dat God ook deur ander mense se geloof, stories en volharding met ons praat.

Ek het hierdie jaar fyn geluister na die springbok rugbyspelers. Ek wou hoor wat hulle sê oor hulle ongekende sukses. Ek kan met baie sekerheid sê dat hulle uit een mond praat oor hulle sukses, as hulle sê want ons doen dit vir mekaar, ons doen dit vir die span.

Tekste: Gesang 159: 1: Filippense 2: 9-11, 1983; Matteus 5: 4, 2022; Matteus 5:14, 1983.
Fokus teks: Efesiërs 3: 14-21, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-5; Gesang 334: 1-3; Gesang 355: 1-2; Gesang 336: 1, 4 en 5: Gesang 344: 1-3.

---

Ek droom dat ons ‘n die Kerk ook soveel vir mekaar sal omgee dat ons sal sê ons bid vir mekaar. Zuurfontein gemeente bly een van God se kerk spanne in die internasionale kerk liga.

**Mag Hy julle innerlike mens versterk.**

Paulus kom uiteindelik by die kern: innerlike versterking deur die Gees. Nie uiterlike gemak nie, maar innerlike krag. Nie ’n probleemlose lewe nie, maar ’n diepgewortelde geloof. Ongelukkig bid ons te dikwels net vir uiterlike dinge as ons bid vir ons kinders, kleinkinders, vriende en die kerk.

Dit is so nodig in ’n wêreld waar mense uitgeput, oorlaai en moedeloos is – selfs in die feestyd. Kersfees ontken nie die donker nie; dit bring lig daarin. Die Kind in die krip belowe nie ’n maklike pad nie, maar God se teenwoordigheid en krag op hierdie pad.

Laat ek afsluit met ’n eietydse verhaal. ’n Jong ma vertel hoe sy een Kersfees alleen, met haar siek kind, in ’n

hospitaalkamer gesit het. Daar was geen liggies, geen geskenke, geen familie om hulle nie. Sy vertel dat sy nie geweet het wat om te bid nie. Sy het net besef sy kan nie alleen wees nie. Later het sy gehoor hoe mense in haar gemeente vir haar gebid het – mense wat nie die situasie kon verander nie, maar haar in God se hande gedra het. Sy onthou: “Niks het onmiddellik beter geword nie, maar sy het gevoel hoe sy innerlike krag gekry het. Dit het gevoel of God teenwoordig was.

Gemeente, dit is waarom ons vir mekaar bid. Veral ook met Kersfees. Omdat God in Christus naby gekom het. Omdat liefde ’n fondament nodig het. Omdat niemand alleen kan staan nie. En omdat God, wat meer kan doen as wat ons bid of dink, ons innerlike mens versterk – tot sy eer en tot ons hoop. Mag ons nooit ooit ophou om vir mekaar te bid nie.
Amen.

## SLOTSANG:

Gesang 336: 1, 4 en 5 ~ Dit is die dag deur God geskenk.

## SEËN:

Ontvang hierdie seën: Mag die vrede van ons Here, Jesus Christus, met ons wees – waarheen Hy ons ook al mag stuur. Mag Hy ons lei deur die wildernis en ons beskerm deur die storm. Mag Hy ons veilig tuisbring, met hoop, vrede, vreugde en liefde in ons hart. Amen

## WEGSENDING:

Gesang 344: 1-3 ~ O die goeie tyding, o die blye tyding.